**GEBEDSGIDS - MEI 2022**

**Ef. 6 : 18.** ***Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.***

**Sondag 1 Mei** **Arbeidsondag.**

Dis arbeidsondag. Kom ons bid vir die werkloosheidskrisis waarin ons land verkeer. Dat Ons owerhede met wysheid besluite sal neem wat werkskepping tot gevolg sal hê. Ons offers gaan vandag vir die Magdalena Huis; bid dat hul werk geseënd en tot heil van die Koninkryk van God sal wees.

**Maandag 2 Mei** **Voortdurende Bekering.**

Joel 2:12 "Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie". Dit is steeds die Here se boodskap aan ons vir hierdie maand. As daar iets is wat jou verhouding met God vertroebel, keer met jou hele hart terug na Hom. Hy sal die oorwinning gee en die verhouding tussen jou en Hom heelmaak.

**Dinsdag 3 Mei** **Korrupsie.**

Korrupsie is op almal se lippe en die media floreer op hierdie aspek van ons samelewing. Bid vir wysheid om hierdie euwel te bestry, dat misdadigers skuldig bevind sal word en die nodige straf uitgedeel sal word.

**Woensdag 4 Mei** **Landbou.**

Kom ons bid vir die verhoudings tussen plaaswerkers en boere. Bid vir alle Christelike bedienings op ons plase, dat Jesus Christus hierin verheerlik sal word. Bid vir die grondhervormingsproses, dat reg en billikheid sal seëvier. Bid vir boere se veiligheid en dat boere in staat sal wees om in ons land se voedsel-behoeftes te voorsien.

**Donderdag 5 Mei** **Geweld teen Vroue en Kinders.**

Daar word al hoe lank op hierdie gewelddadige misdaad gewys en dit lyk of dit net toeneem. Dit in 'n land want as "Christelik" beskou word. As gelowiges moet ons gereeld en volhoudend bid dat God ons hierin sal bystaan, dat sy liefdesgebod sal geld.

**Vrydag 6 Mei** **Vervolging van Christene Wêreldwyd.**

Gebed is nog altyd die nommer een versoek van die vervolgde Kerk. Hulle kom al meer onder skoot vir hul geloof. Vervolging skep egter ook 'n weg om die Evangelie te versprei. Bid daarom gedurig vir ons geloofsfamilie in alle lande waar Christenvervolging plaasvind.

**Saterdag 7 Mei** **Bedienaars van die Woord.**

Bid vir alle leraars en ander verkondigers van die Woord wat môre sal preek, vir afhanklikheid, leiding, toerusting en afhanklikheid van die Heilige Gees. Bid vir die hoorders van die Woord; dat ons Volgens Op Op. 2:11 met 'n oop gemoed en groot verwagting kom hoor "*wat die Gees vir die gemeente sê".*

**Sondag 8 Mei** **Moedersdag.**

Die Wêreld gebruik hierdie dag as ekonomiese stimulus. Ons as gelowiges weet wat die waarde van elke persoon, veral moeders, in die oë van God is. Moeders neem 'n baie belangrike en ere-plek in elke mens se lewe in, eer en dank God daarvoor.

**Maandag 9 Mei** **S.A. 'n Leier in Afrika?**

Suid-Afrika speel 'n leidende rol op vele gebiede in die Afrika kontinent. Dank die Here daarvoor. Bid dat Suid-Afrika op dieselfde wyse getrou sal wees om die die Evangelie van Jesus Christus met Afrika en die nasies van die wêreld te deel.

**Dinsdag 10 Mei** **Bestuurspan.**

Die gemeente se bestuurspan vergader vanaand. Dank God vir mense wat bereid is om hul kennis en vaardighede hier in die Here se diens te stel. Mag die Heilige Gees hulle inspireer om op God te vertrou en besluite te neem wat in diens van die Koninkryk is.

**Woensdag 11 Mei** **Ons roeping in die Gemeenskap.**

Bid vir die gemeenskap waarin ons woon en werk en speel. Die Here vertrou ons om juis in hierdie tydsomstandighede en in die gemeenskap, vir Hom getuies te wees. Onthou ons is Sy hande, voete en stem, Sy laaste opdrag: "*Gaan .... en julle sal My Getuies wees".*

**Donderdag 12 Mei** **Misdaad en Geweld.**

Ons bid dat die Here die mense van S.A. sal beskerm teen geweld en die planne van bose mense. *“ Laat daar onder U vleuels ‘n veilige skuilplek wees”* (Ps. 91). Bid dat engele van die Here ‘n laer om die mense sal trek en bou om hulle te bewaar en veilig te hou.

**Vrydag 13 Mei** **Afganistan.**
Na die Taliban se oorname het Afganistan hierdie jaar vir Noord Korea vervang as die land waar Christene die ergste vervolg word. Daar was die afgelope 40 jaar nog nie vrede in die land nie. Bid dringend en aanhoudend vir ons mede-gelowiges in Afganistan.

**Saterdag 14 Mei** **Hoop.**
In Heb.6:19 word genoem dat ons Hoop as ‘n veilige en onbeweeglike lewensanker besit. Bid dat Jesus Christus vir ons hierdie Hoop sal wees en bly.

**Sondag 15 Mei** **Bid- en Dankdag.**
Dit is die dag van die Here, laat ons daaroor juig en bly wees, veral omdat ons Hom sonder vrees kan kom dien. Gee dus vandag uit dankbaarheid mildelik vir buitelandse Sending

**Maandag 16 Mei** **Omgee vir ander.**
Bid vir siekes, eensames, uitgeworpenes, armes, ellendiges, ja vir hulle vir wie Jesus juis gekom het. Bid vir verlorenes en onverskilliges. Vra die Here dat ons die nood om ons sal raaksien en sy liefde en barmhartigheid sal uitdeel en uitleef.

**Dinsdag 17 Mei** **Kerkraad.**
*“Here ons bid vir ons kerkraadslede, dat hulle hul posisies as konings, priesters en Profete sal verstaan en uitleef om die gemeente tot voorbeeld te wees. Seën asseblief vanaand se vergadering sodat u wil en die heil van u kerk in besluite weerspieël sal word.”*

**Woensdag 18 Mei** **Familie.**
Kom ons bid vandag vir ons families en bid dat hulle met baie liefde teenoor mekaar sal optree en sag met mekaar sal omgaan. Bid dat elke lidmaat deel is van God se familie.

**Donderdag 19 Mei** **Persoonlik – Ontferming.**
Luk. 18:38 “*Toe roep hy uit: Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my*!” Bid dit vandag, glo en en vertrou dat Jesus Hom oor ons sal ontferm.

**Vrydag 20 Mei** **Somalië.**
Dit is onmoontlik om jou Christelike geloof hier openlik te erken. Dit kan Daartoe lei dat jy summier doodgemaak word. Bid dat ‘n sterk Kerk onder Somaliërs sal groei ondanks die gevaar. Bid vir die beskerming van Christen organisasies wat in Somalië werk.

**Saterdag 21 Mei** **Oekraine.**
Bid vir seën en krag op Michelle se werk in die Oekraine en vra dat God in alle behoeftes sal voorsien en vir Sy kinders sal sorg. Dankie vir haar wat dapper voortgaan in Sy diens.

**Sondag 22 Mei** **Erediens.**
“Here baie dankie vir die wonderlike genade dat ons sonder enige bedreiging, vandag, *saam met medegelowiges, met u Woord in ons eie taal, in ons eie kerkgebou, gemeenskap met U en met mekaar mag beoefen. Ons loof U daarvoor. Aan U alle EER.”*

**Maandag 23 Mei** **Vertroue.**
Ps. 27:14 – “Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!” Kom ons bid en leef dit elke dag en heeldag. Hy is naby en ons KAN Hom vertrou.

**Dinsdag 24 Mei** **Sending.**
Bid vir ‘n nuwe visie van kerk-wees en ons getuienisroeping, dat Groot-Brak ‘n biddende, sendende gemeente sal wees. Sodat elke lidmaat in woord, daad en gesindheid sal uitreik na afgedwaalde medelidmate en na mense in fisiese en geestelike nood.

**Woensdag 25 Mei** **Gevangenisbediening.**
Dank die Here vir die geleenthede en Geestelike werkers wat in tronke soos Pollsmoor werksaam is. Bid dat baie tot bekering sal kom en self aktiewe getuies vir Jesus sal word.

**Donderdag 26 Mei** **Hemelvaart.**

| | |
|---|---|
| Kyk die Heer het opgevaar | Hy is by die hemelskaar, |
| Hy heers op die hoogste troon | Daar is Hy met eer gekroon. |
| Eenmaal sal ons by Hom wees | Dan vier ons vir ewig fees. |
| Ons sal voor Hom sing en juig | Hom vir ewig dank betuig. (Lied 425) |

**Vrydag 27 Mei** **Libië.**

Daar is geen godsdiensvryheid of moontlikheid van openbare kerklewe in Libië nie. Bid dat Libiese Christene, wat onder erge druk verkeer, God se vrede en nabyheid sal ervaar.

**Saterdag 28 Mei** **Sportdag.**

Suid Afrika is al as "sportmal" beskryf. Bid dat ons net so getrou en entoesiasties oor ons Verlosser se werklikheid sal wees en net so maklik oor geestelike sake sal kan gesels.

**Sondag 29 Mei** **Die Bybelgenootskap.**

Kom ons dank die Vader vir al die Bybelgenootskappe wêreldwyd wat die Woord vertaal, druk en versprei; en dat ons hulle vandag finansiël kan ondersteun. Mag die Here hulle seën en in al die behoeftes voorsien. Vra ook vir seën op ons Pinksterbidure.

**Maandag 30 Mei** **Werkloosheid in Suid-Afrika.**

Werkloosheid is skrikwekkend en 'n groot bedreiging. Bid ernstig dat God die owerheid die wysheid en daadkrag sal gee om die ekonomie aan die gang te kry sodat werk geskep en mense sonder staatshulp menswaardig kan lewe . Niks is vir Hom onmoontlik nie.

**Dinsdag 31 Mei** **Suid Afrikaanse sendelinge oorsee.**

Bid vir buitelandse sendelinge. Bid spesifiek vir dié wat ver van hulle families af werk. Vra vir God se guns en seën op hulle arbeid, hul gesinne, huwelike en verhoudings.